

Kersfees! God kom by ons woon!

God het onder mense kom woon – mense met hulle vreugde en trane, mense in hulle voorspoed en teenspoed, mense in sekerheid en twyfel, en veral mense in hulle sondige gebrokenheid op aarde. Onder sulke mense het Hy sy tent kom opslaan. Nee, Hy sou nie vir altyd as mens onder die mense bly nie. Soos 'n mens se lewe op aarde 'n tentwoning is (2 Kor 5:1-2), so het die Woord van God in sy menslike natuur tydelik na die aarde gekom. Dan wonder jy of ons regtig Kersfees kan vier!

Die fees is dat Hy wat Woord van God is, mens geword het. Hy het geword soos een van ons. In Jesus sien ons Gods Woord in aksie. As God praat, gebeur daar altyd iets en is daar beweging, ontwikkeling, groei en lewe. God bring deur sy Woord beweging en lewe by Israel nadat hulle die goue kalf gemaak het. Hy kom af na Moses en roep Self uit (Eks 34:6): “Ek, die Here, die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.” Vol genade en waarheid is Hy. So sien Moses die heerlikheid van die Here, en Israel mag voortgaan op die pad na die beloofde land.

Wanneer Hy sy tent kom opslaan, wys Jesus die heerlikheid van God in sy liefde en trou, sodat ons kan lewe en sodat ons vorentoe kan gaan na die stad met vaste fondamente. Ons leef nie ter wille van die hier en nou nie. Ons leef hier en nou op pad van 'n tentwoning na 'n vaste gebou. Wie alleen hier en nou lewe, het niks om voor te lewe nie. Dit is werklik Kersfees, omdat ons deur sy liefde en trou kan lewe, beweeg en groei.

*Sing: Skrifberyming 5:1, 2 (1936-beryming);
Skrifberyming 4-8:1, 2 (2001-omdigting)*

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)